

26 Mei 2019

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



## Handelinge 16: 6-15

### ons storie ysbreker

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

Vertel van 'n keer toe jy besef het dat die Here die hele tyd in die agtergrond aan die werk was.

### word stil

Lees Psalm 67 as 'n gebed.

Op watter maniere beleef jy die Here se seën?

### GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam  
**Handelinge 16: 6-15**

As daar tyd is,  
kan elkeen dit daarna  
weer op sy/haar eie tyd lees.

### GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.  
Of enige vrae wat jy nou het.

Lees vers 13 weer aandagtig. Wat leer ons oor Paulus-hulle? Wat leer ons in terme van ons getuigenistaak?

Wat leer ons oor Lidia? In verse 14-15 kry ons 'n paar leidrade.  
Hoekom is dit betekenisvol?

Watter belangrike geloofsgewoonte leer ons by Lidia (vers 15)? Hoekom is dit belangrik? Op watter maniere kan ons hieraan uitvoering gee?

Hoe voel jy oor Christene se verantwoordelikheid om die evangelie met ander te deel? Hoe doen ons dit? Wat maak dit moeilik? Hoe oorkom ons hierdie hindernisse?

Jy sit by 'n etenstafel waar iemand sê: "ek dink nie dis reg dat Christene hulle geloof probeer afdruk op Jode, Moslems, Hindoes en ander gelowe nie." Iemand anders antwoord, "is dit dan nie juis wat Paulus gedoen het nie?" Hulle wil by jou weet, wat dink jy hieroor?

### ons nuwe storie

**Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.  
Verder en Voor:**

Ons sien by Lidia die geloofsgewoonte van gasvryheid. Op watter maniere kan julle gasvryheid beoefen teenoor die mense met wie julle elke dag te doene kry?

### na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

### bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

**Dank God daarvoor.**

